



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

NOVEMBER 2023

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.
3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord SLEGS wat gevra word.
4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Toon ALLE stappe in die berekeninge.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.
- 1.1.1 Hierdie metode sal nie gronderosie voorkom nie, maar sal dit aanmoedig:
- A Plant bome op kaal grond
 - B Deklaagbewerking
 - C Plaas klippe waar plantegroei gevestig gaan word
 - D Herlei stormwater direk teen 'n helling af
- 1.1.2 Afloopwater veroorsaak die minste erosie in ...-grond.
- A sand
 - B slik
 - C klei
 - D leem
- 1.1.3 Wanneer insekdoders gespuit word, kan wegdrywing verminder word deur ...
- A hoë temperatuur.
 - B klein druppels.
 - C hoë windspoed.
 - D lae druk.
- 1.1.4 In landbouondernemings is die produksiefaktore ...
- A grond, land, arbeid en entrepreneur.
 - B land, arbeid, kapitaal en bestuur.
 - C land, entrepreneur en bestuur.
 - D insette en uitsette.
- 1.1.5 'n Bestuursbeginsel wat gebruik word om te verseker dat daar geen oorvlueeling van take op 'n plaas is nie:
- A Kontrole
 - B Motivering
 - C Koördinering
 - D Leierskap

- 1.1.6 Deel van 'n plaasarbeider se kontrak:
- A Plek om vakansie te gaan hou
 - B Werksbeskrywing
 - C Metode van vervoer na die werk
 - D Gesondheidstatus van die arbeider
- 1.1.7 EEN van die volgende is NIE 'n eienskap van 'n entrepreneur NIE:
- A Verantwoordbaar
 - B Kan self begin
 - C Introvert
 - D Motiveerder
- 1.1.8 Skootrekenaars ('laptop computers'), notaboekrekenaars ('notebook computers') of palmrekenaars ('palm computers') is voorbeelde van toerusting wat in ... gebruik word.
- A presisieboerdery
 - B bestaansboerdery
 - C die instelling van ploëë
 - D die toediening van medisyne aan diere
- 1.1.9 Die gebruik van 'n handelsmerk, produkbeskrywing en 'n diagram wat die inhoud voorstel, is deel van ...
- A bemarkingswetgewing.
 - B standaardiseringswetgewing.
 - C etiketteringswetgewing.
 - D landbouproduk-standaardiseringswetgewing.
- 1.1.10 Die hoofrede om landbouprodukte tydens die verspreiding na verskeie markte te verkoel, is om ...
- A produkgewig te verminder.
 - B produkvolume te verminder.
 - C smaak te verbeter.
 - D bederf van die produk te voorkom.
- (10 x 2) (20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Gradering	A	die mees ekonomiese bron van dierevoedsel
1.2.2	Besoedeling	B	voorsien maatreëls om standarde te behou wanneer geoeste produkte geëvalueer word
1.2.3	Kontantvloeibegroting	C	volume grond wat die plant kan gebruik en wat vir waterkapasiteit beskikbaar is
1.2.4	Kunsmis	D	chemiese stof wat die produksie-uitset van die grond verhoog
1.2.5	Waardetoevoeging	E	uiterste verlies van water as gevolg van droë weersomstandighede
1.2.6	Natuurlike weiding	F	hou toesig oor alle plaasaktiwiteite
1.2.7	Gronddiepte	G	kontaminasie van grond, water of lug as gevolg van oormatige toediening van chemiese stowwe
1.2.8	Delegering	H	gee meer verantwoordelikheid aan 'n plaaswerker
1.2.9	Plaasbestuurder	I	die afkamp van veld met dieselfde voedingswaarde
1.2.10	Inventaris	J	word gebruik om die beraamde beweging van fondse in 'n onderneming te bepaal
		K	'n rekord wat al die bates op 'n spesifieke tyd aandui, hulle huidige waardes ingesluit
		L	na-oes-aktiwiteit wat die verandering en/of verpakking van 'n produk behels

(10 x 2)

(20)

- 1.3 Gee die KORREKTE landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 Rekordhouding.
- 1.3.1 Die tipe grondstruktuur wat deur die meeste gewasboere verkies word
- 1.3.2 Lyne op 'n kaart wat dwars oor 'n helling loop op so 'n manier dat die lyne op dieselfde hoogte bly en nie opdraand of afdraand gaan nie
- 1.3.3 Die tipe produksiemetode wat die gebruik van chemiese insette verbied en 'n minder skadelike effek op die omgewing het
- 1.3.4 'n Voedselprosesseringsmetode wat enige stowwe verwyder wat suspensies in vloeistowwe veroorsaak
- 1.3.5 Toestelle wat gebruik word om toevoer, prosessering en afvoer van data maklik aan te teken en na relevante instellings te stuur (5 x 1) (5)
- 1.4 Verander die onderstreepte woord(e) om die volgende stellings WAAR te maak. Skryf jou antwoord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 Vaste kapitaal
- 1.4.1 Die wet van dalende meeropbrengste stel dat 'n addisionele produksiefaktor tot 'n groter toename in uitset lei.
- 1.4.2 Een van die hoofredes vir motivering in bemarking is om mense oor nuwe produkte of dienste in te lig.
- 1.4.3 Stoor is die bemarkingsfunksie wat vir die verspreiding van produkte van die plaas na die verbruiker verantwoordelik is.
- 1.4.4 'n Boer moet 'n kontantstrokie voltooi wanneer geld in die boer se bankrekening gedeponeer word.
- 1.4.5 Die totale-koste-komponente (vaste koste en veranderlike koste) wat nie toegewys kan word aan enige vertakking in boerdery nie, is verpakkingskoste. (5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 50


AFDELING B

VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

2.1 Noem die funksies van grond in die produksieproses. (4)

2.2 Bestudeer die illustrasie hieronder.



Verduidelik die verskil tussen die grondeienskappe ten opsigte van die suidelike en noordelike helling (in die Suidelike Halfrond) onder die volgende opskrifte:

2.2.1 Temperatuur van die grond (2)


2.2.2 Organismes in die grond (grondfauna) (2)

2.3 Onderskei tussen die verskillende grondtekstuurklasse deur die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK te kopieer en te voltooi.

EIENSKAPPE	SAND	KLEI
Waterhouvermoë		
Grondvrugbaarheid		

2.4 Bespreek die belangrikheid van bodemopnames vir boere. (4)

2.5 Die illustrasies hieronder toon weidingstelsels.



2.5.1 Bespreek kortliks die weidingstelsels soos hierbo geïllustreer.

(a) PLAAS A (2)

(b) PLAAS B (2)

2.5.2 Noem die nadele van die weidingstelsel wat op PLAAS B gebruik word. (2)

2.5.3 Beskryf die voordele daarvan om 'n kamp vir 'n lang periode (een jaar) te laat rus. (3)

2.6 Kies die arbeidswette uit die lys hieronder wat by die beskrywings pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.6.1 tot 2.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A	Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998)
B	Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993)
C	Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)
D	Wet op Werkloosheidsversekering, 2001 (Wet 63 van 2001)
E	Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

2.6.1 Maak voorsiening vir werkers wat in 'n ongeluk by die werk beseer word of siek word (1)

2.6.2 Beskerm werkers wat as gevolg van meganisasie hulle werk verloor en stipuleer die voordele wat hulle in daardie geval ontvang (1)

2.6.3 Maak voorsiening vir werkers en werksoekers om teen onregverdig diskriminasie beskerm te word (1)

2.6.4 Reguleer werksure, verlof, beëindiging van diens en alle ander sake wat met indiensneming te doen het (1)

2.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BOER A:

Boer A het 'n voerkraal met 15 473 beeste. Die beeste se voerrantsoen word met 'n rekenaar bereken. Die boer voer die beeste vir 'n spesifieke tyd en verkoop hulle dan aan 'n nabygeleë slagpale. Die boer het 'n ooreenkoms met die slagpale om al die velle na die plaas terug te stuur. In die boer se leervertakking word daar skoene, belde en handsakke van die velle gemaak.

BOER B:

Boer B besit vier beeste wat gedurende die dag in die dorpie wei en wat elke oggend deur die boer gemelk word. Die melk wat die boer nie gebruik nie, word aan die mense in die dorpie verkoop. Die boer plant ook groente en mielies vir huishoudelike gebruik. Hierdie boer woon baie ver van die mark af, wat dit baie moeilik maak om die oormaat van produkte teen 'n wins by die mark te verkoop.

2.7.1 Identifiseer die boerderystelsel wat gebruik word deur:

(a) BOER A (1)

(b) BOER B (1)

2.7.2 Beskryf die vlak of intensiteit waarmee BOER A die grond gebruik. (2)


2.7.3 Lei af of BOER A se leervertakking as 'n nismark geklassifiseer kan word. Motiveer jou antwoord. (3)

2.7.4 Lewer kommentaar op moontlike redes waarom BOER B dit moeilik vind om die oormaat van produkte teen 'n wins by die mark te verkoop. (3)

2.8 Beskryf die belangrikheid van presisieboerdery. (3)

2.9 'n Vrugteboer begin 'n agritoerisme-vertakking op die plaas om die plaas se bron van inkomste te diversifiseer en om risiko's te verminder.

Die boer plaas die volgende advertensie in die plaaslike koerant:



- 2.9.1 Noem die aktiwiteite wat besoekers na die plaas kan lok. (3)
- 2.9.2 Identifiseer ander belangrike inligting wat in die advertensie ontbreek. (2)
- 2.9.3 Dui aan hoe jy verder die advertensie sou verbeter. (3)
- [50]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING, PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 Die tabel hieronder toon die uitvoer van vleis van 2019 tot 2022 in ton.

UITVOER VAN VLEIS VAN 2019 TOT 2022				
SOORT VLEIS	2019 (ton)	2020 (ton)	2021 (ton)	2022 (ton)
Bees	2 916	2 222	4 250	3 250
Skaap	438	247	250	320
Vark	1 800	1 100	1 500	3 800
Hoender			1 850	6 900
Volstruis			1 600	1 535

3.1.1 Teken 'n staafgrafiek om die uitvoer van varkvleis van 2019 tot 2022 te toon. (5)

3.1.2 Gee 'n rede waarom daar in 2020 'n afname in uitvoere was. (2)

3.2 Noem en beskryf faktore wat 'n boer in ag moet neem wanneer 'n produkbemarkingstrategie ontwikkel word. (4)

3.3 ABC Koöperasie voer plaastoerusting en besproeiingstoerusting in. Hulle koop plaas-insette soos bemestingstowwe en insekdoders by verskaffers en verkoop dit om 'n wins te maak.

3.3.1 Identifiseer die tipe landbousektor wat in die scenario hierbo beskryf word. Motiveer jou antwoord. (2)

3.3.2 Gee redes waarom die sektor wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is, belangrik is. (3)

3.4 Kies die beginsel van bestuur uit die lys hieronder wat toegepas moet word op elk van die gegewe take in VRAAG 3.4.1 tot 3.4.3. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (3.4.1 tot 3.4.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

beplanning; organisering; motivering; beheer; koördinerings

3.4.1 Werkers word in werksgroepe verdeel volgens die take wat op die plaas gedoen moet word. (1)

3.4.2 Werkers teken elke dag in en uit wanneer hulle werk toe kom. (1)

3.4.3 Werkers word gereeld opgelei om hulle produktiwiteit en werkstevredenheid te verbeter. (1)

3.5 Noem die finansiële impak op 'n onderneming wanneer:

3.5.1 Verkope laer as die gelykbreekpunt is (1)

3.5.2 Verkope hoër as die gelykbreekpunt is (1)

3.6

PLAAS A:

Plaas A verkoop 500 hoenders deur plaashekbemarking te gebruik. Die plaas verkoop die hoenders teen R80/hoender. Die boer het die volgende koste:

- Voer = R20/hoender
- Inenting = R5/hoender
- Elektrisiteit = R5/hoender
- Arbeid = R20/hoender

PLAAS B:

Plaas B verkoop 500 hoenders deur kontrakbemarking te gebruik. Die plaas verkoop die hoenders teen R90/hoender. Die boer het die volgende koste:

- Voer = R20/hoender
- Inenting = R5/hoender
- Elektrisiteit = R8/hoender
- Arbeid = R15/hoender
- Prosessering = R5/hoender
- Vervoer = R10/hoender

3.6.1 Bereken die koste verbonde aan die produksie van EEN hoender by:

(a) PLAAS A (2)

(b) PLAAS B (2)

3.6.2 Noem moontlike metodes wat PLAAS A en PLAAS B kan gebruik om hulle pryse te bepaal. (3)

3.6.3 Identifiseer TWEE bemarkingsfunksies van PLAAS B in die scenario hierbo. (2)

3.7 Noem maniere waarop produsente-organisasies boere in Suid-Afrika bystaan. (3)

- 3.8 Kies die rolle en verantwoordelikhede uit die lys hieronder wat by die verskillende personeel op die plaas pas.

Voltooi die tabel wat volg deur slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (3.8.1 tot 3.8.6) in die ANTWOORDEBOEK neer te skryf, bv. 3.8.7 G.

A	Help om werknemerkwessies op te los op die land waar daar geoes word
B	Evalueer finansiële state en maak begrotingsvoorstelle
C	Doen kunsmatige inseminasie
D	Ontsmet produksie-areas om siektes te voorkom
E	Moniteer en help met die herstel van masjiene
F	Spuit onkruid op die land

BESTUURDER	TOESIGHOUER	WERKER	
		GEWAS-PRODUKSIE	DIERE-PRODUKSIE
3.8.1	3.8.2 3.8.3	3.8.4	3.8.5 3.8.6

(6 x 1)

(6)

- 3.9 Noem probleme met betrekking tot arbeid wat deur boere ondervind word. (4)

- 3.10 Beskryf die belangrikheid van marknavorsing as deel van die besigheidsplan (sakeplan). (2)

- 3.11 Noem die nadele van ondernemingspesialisasie. (2)

- 3.12 'n Boer beplan om 'n addisionele vertakking in te stel wat die winsgewendheid van die plaas sal laat toeneem.

Formuleer DRIE vrae oor aspekte wat die boer moet oorweeg om te bepaal wat die mees geskikte vertakking is.

(3)

[50]

VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDETOEVOEGING EN VERPAKKING

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Noem die aspekte wat oorweeg moet word wanneer 'n begroting vir gewasproduksie opgestel word. (4)

4.2 Die lys hieronder dui eienskappe van verskillende tipes begrotings aan.

- A Meet slegs moontlike inkomste en uitgawes wat voortspruit uit 'n aanpassing in die boerderyplan
- B Gebruik die vorige jaar se finansiële state
- C Ontwikkel op die grondslag van per hektaar of per kop om vergelykings tussen alternatiewe produksielyne moontlik te maak
- D Is 'n opsomming van verwagte inkomste, uitgawes en wins vir die hele plaas
- E Help die boer om te besluit om masjinerie vir oes te huur of te koop
- F Word gebruik in die vergelyking van die winsgewendheid van verskeie plaasplanne, die bepaling van inkomstepotensiaal en datumterugbetalingsvermoë
- G Verskaf basisinligting om die geheelplaasbegroting op te stel

4.2.1 Vanuit die lys hierbo, kies TWEE eienskappe van 'n geheelplaasbegroting. Skryf slegs die letters (A–G) langs die vraagnommer neer. (2)

4.2.2 Vanuit die lys hierbo, kies TWEE eienskappe van 'n vertakkingsbegroting. Skryf slegs die letters (A–G) langs die vraagnommer neer. (2)

4.3 Onderskei tussen die volgende finansiële dokumente:

4.3.1 Faktuur (2)

4.3.2 Inkomstestaat (2)

- 4.4 Die Balansstaat is 'n maatstaaf van 'n onderneming se netto waarde. 'n Boer het die volgende saldo's op 30 November 2022 gehad:

Kontant	R2 000
Eienaarsbelang	R1 115 000
Grond en geboue	R1 150 000
Oortrokke bankrekening	R15 000
Voorraad	R20 000
Debiteure	R13 000
Verbandlening	R120 000
Implemente	R25 000
Tweedehandse trekker	R50 000
Krediteure	R10 000

Gebruik die data in die finansiële rekord hierbo om die ontbrekende inligting, **(a)–(f)**, in die Balansstaat hieronder te voltooi. Skryf slegs die antwoorde langs die letters (a) tot (f) in die ANTWOORDEBOEK neer.

BALANSSTAAT	RAND (R)
BATES	
• Vaste bates:	
(a)	(a)
• Beweeglike bates:	
Implemente	25 000
(b)	(b)
• Bedryfsbates:	
Voorraad	20 000
(c)	(c)
(d)	(d)
TOTALE BATES:	1 260 000
LASTE	
• Langtermynlaste:	
Verbandlening	120 000
• Bedryfslaste:	
(e)	(e)
Oortrokke bankrekening	15 000
TOTALE LASTE:	145 000
EIENAARSELANG	1 150 000
TOTALE EKWITEIT EN LASTE:	(f)

(6 x 1) (6)

4.5 Die meeste kleinboere gee nie aandag aan die belangrikheid van rekordhouding in hulle plaasbedrywighede nie. Dit word in die meeste gevalle deur 'n gebrek aan kennis oor rekordhouding veroorsaak. Die boere beweer dat hulle te veel werk en nie genoeg tyd vir hierdie belangrike taak het nie.

Wat die boere nie beseef nie, is dat die meeste besluite nie beter is as dit nie gebaseer is op rekords wat gehou is nie. Hulle praat van wins en verlies, nie gebaseer op feite verkry uit rekordhouding nie, maar uit raaiskote of intuïsie. Hierdie situasie word deur swak rekordhouding en onvoldoende bestuursinligtingstelsels gekenmerk.

4.5.1 Noem die belangrikheid van akkurate rekordhouding deur kleinboere. (4)

4.5.2 Identifiseer die grootste uitdagings wat swak rekordhouding in boerdery tot gevolg het. (3)

4.5.3 Noem 'n inligtingbestuurstelsel wat boere kan aanneem om bestuur te verbeter. (1)

4.6 Kies die voorbeeld van 'n brondokument uit die lys hieronder om by 'n beskrywing in VRAAG 4.6.1 tot 4.6.4 te pas. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (4.6.1 tot 4.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

salarisstrokie; kwitansie; faktuur; bankstaat;
depositostrokie; verkoopbelastingterugbetaling

4.6.1 Bewys dat die plaas iemand geld skuld of nog moet betaal (1)

4.6.2 Skriftelike bewys dat die boer 'n werker of bestuurder se loon of salaris betaal het (1)

4.6.3 Bewys dat die produsent die geld ontvang het toe die koper in kontant vir die produkte betaal het (1)

4.6.4 'n Dokument wat die geld aandui wat gedurende 'n spesifieke periode by 'n bankrekening in- en uitbeweeg het (1)

4.7 Noem die faktore wat gebruik word om die kwaliteit van vars produkte te bepaal wanneer dit geoes word. (4)

4.8 Stoorfasiliteite skakel die behoefte uit om produkte dadelik te bemark nadat dit geoes is. Sulke fasiliteite wissel van eenvoudige strukture tot geboue met spesiale toerusting vir verkoeling.

Beveel riglyne aan wat 'n boer moet oorweeg wanneer 'n stoorfasiliteit vir landbouprodukte gebou word. (4)

- 4.9 Prosessering is die verandering van 'n rou produk na 'n meer bruikbare produk.
- 4.9.1 Noem die voordele van die droging van landbouprodukte. (3)
- 4.9.2 Regverdig die stelling:
 Prosessering in landbou is waardevol vir werkskepping. (2)
- 4.10 Die verpakking van voedsel beteken om dit in een of ander vorm van 'n materiaal toe te maak of bymekaar te behou, wat dit gedurende storing, vervoer en verspreiding sal beskerm.
- 4.10.1 Bespreek die voordele van die gebruik van glasbottels en -flesse vir die verpakking van landbouprodukte. (4)
- 4.10.2 Noem die nadele van die gebruik van plastiek as verpakkingsmateriaal vir landbouprodukte. (3)
- [50]**
- TOTAAL AFDELING B: 150**
GROOTTOTAAL: 200